## Van die redakteur



# BELASTINGTOEGEWINGS EN KOSTE VERBONDE AAN VOORTGESETTE OPLEIDING

Onlangs het die Raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bedryfsleiding, by monde van sy President, die Ontvanger van Inkomste se aandag gevestig op 'n berig in die "Income Tax Reporter" van 15 Februarie 1976, nl. dat die geld wat praktiserende prokureurs betaal om hulle wetsonderrig voort te sit deur bywoning van kursusse wat deur hulle Vereniging gereël word, aftrekbaar sal wees vir die doeleindes van inkomstebelasting in terme van paragraaf 11(a) van die Inkomstebelastingwet van 1962.

Die Ontvanger van Inkomste is verder daarop gewys dat bedryfsleiers eweneens genoodsaak word, weens die huidige strawwe konkurrensie, om hulle kennis in die veld van Bedryfsleiding gereeld op te knap deur die bywoning van seminare oor verskillende onderwerpe in hierdie veld wat deur 'n verskeidenheid instansies soos die Nasionale Onderwys- en Beroepstigting, universiteite en privaat-organisasies, gereël word. Hiermee gaan groot onkostes gepaard, soos inskrywingsgeld, reis- en verblyfkoste, en so meer. Die Ontvanger van Inkomste is gevolglik versoek om uitsluitsel te gee of sulke uitgawes, soos in die geval van praktiserende prokureurs, ook toegelaat sal word as uitgawe vir die doeleindes van die berekening van inkomstebelasting. Hierop het die Sekretaris van Binnelandse Inkomste soos volg geantwoord (ons haal aan):

"INKOMSTEBELASTING: BELASTINGTOEGEWINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BYWONING VAN SEMINARE EN KURSUSSE IN BEDRYFSLEIDING

Ek skryf met verwysing na u brief van 17 November 1976 om u mee te deel dat u vertoë oorweeg sal word mits daar aangetoon kan word dat die onderhawige seminare en kursusse inderdaad 'n program van voortgesette beroepsonderrig uitmaak wat aangebied word ten einde bedryfsleiers op hoogte te hou van ontwikkelings wat van dag tot dag op hulle besondere gebied plaasvind.

Vir hierdie doel sal dit vir u nodig wees om my van programme, brosjures en enige ander tersaaklike besonderhede te voorsien, aan die hand waarvan u vertoë oorweeg kan word."

Uit hierdie uitspraak van die Ontvanger van Inkomste blyk duidelik wat elke bedryfsleier moet doen indien hy sou aanspraak maak op belastingtoegewings op grond van uitgawe aangegaan vir voortgesette bestuursopleiding.

### 'N VERSKRIKLIKE SIEKTE

'n Bekende kultuurleier in Suid-Afrika het onlangs gewys op 'n siekte wat ongelukkig ook kenmerkend geword het in die lewe van baie mense. Dit gaan naamlik oor die proses van aftakeling waaraan die een die ander onderwerp. Daar word van die gedagte uitgegaan dat die ander man wel 'n standpunt mag hê, maar wee hom as sy standpunt nie dieselfde is as myne nie. Dan is ek hoogs onverdraagsaam. Daardie man moet nou afgetakel, ondermyn en as dit enigsins kan, gelikwideer word. Waar die persoon wat jy aftakel nie teenwoordig is nie (want daarin sit die "krag" van die lafaard), gaan jy daartoe oor om sy woorde te verdraai, sy miskien eerlike pogings te verkleineer, kwaad te spreek en hom te belaster. Daardie persoon word ligvaardig veroordeel of jy help lustig om hom te veroordeel. As daardie persoon teen wie jy besig is om hierdie gemene, agterbakse, slinkse spel te speel, later teenwoordig is, is jy weer ewe goed en gaaf en die vriendelikheid self. Daarmee beduiwel jy alle goeie menslike verhoudinge.

Hierdie siekte van aftakeling berokken onberekenbare skade in die kring van "vriende" kollegas en werksituasies; mense wat met mekaar die pad saam moet bewandel en daarop ingestel moet wees om mekaar te eer en mekaar se goeie naam so vér enigsins moontlik te verdedig en te bevorder.